**Vrydag 2 Desember**

**Skrifgedeelte: Rut 1:5-17 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Rut 1:11-13, 17b**

## Om Jesus in ons toekoms te sien

Ons ken Naomi se swaarkry en leed. Baie gelowiges weet hoe bitter dit is om ’n geliefde deur die dood te verloor. Baie weet wat dit is om met die HERE te worstel, omdat dit voel asof dit Hý is wat jou lewe bitter gemaak het. Daarom verstaan ons ook dat Naomi niks gehad het om na uit te sien en op te hoop nie. Sy gebruik die woord “hoop” bloot om haar skoondogters te oortuig dat dit beter is as hulle omdraai. So wys sy tog vir haar skoondogters dat hulle aan húlle toekoms moet dink.

Hier is ’n kosbare les. Juis in ons leed, swaarkry en bitterheid. Juis wanneer ons dink daar is geen toekoms meer nie. Dan móét ons aan ons toekoms dink. Met die nugterheid van ’n Naomi moet ons die feite aanvaar, maar ook bereid wees om te aanvaar dat wat ons in gedagte het, nie altyd is wat God vir ons lewe wil hê nie. Die belangrikste is dat ons die Here in ons toekoms moet sien. Rut het die HERE leer ken en Hom steeds in haar toekoms gesien. Daarom lê sy ’n eed af dat die HERE weet dat slegs die dood haar en Naomi sal skei.

Jesus het belowe Hy is met ons al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Al sien ons dus nog nie dat alle leed en swaarkry verby is nie, ons sien Jesus! Ons is vol verwagting oor ons toekoms in sý hande!

*Sing: Psalm 42:1 (1936)*

*Ds. JH (Harry) Cilliers (Reitz)*